

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 151, Julie 1980

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

*Die DAG van die HERE.*

**"Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig!"**

*(Exodus 20:8)*

## ***DIE INSTELLING van die RUSDAG.***

Wat is jou standpunt met betrekking tot die Sondag?

Is dit vir jou ook 'n heerlike vakansiedag? 'n Dag wat aan jou die geleentheid bied om dinge te doen waarvoor jy andersins nooit tyd kry nie? Dinge soos laat slaap, koerantlees, tuinwerk en kuier?

As jy een van dié mense is, dan wil ek graag met jou praat. Ek wil jou vra om so 'n paar oomblikke saam met my na te dink oor waar die Sondag as rusdag vandaan kom.

Dit is nie 'n dag wat deur die mens uitgedink en ingestel is nie. Dit is die *DAG VAN DIE HERE!*

Hoe weet ons dit?

Ons weet dit uit die Woord van God.

In ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Gaan lees die skeppingsverhaal soos dit vir ons beskrywe word in Genesis 1 en 2.

Uit hierdie geskiedenis blyk dit dat die Here self 'n wonderlike ritme van *arbeid* en *rus* in die skepping gelê het. In dié ses dae het Hy alles geskape. Laaste van alles het Hy die mens geskape na sy beeld en na sy gelykenis; man en vrou het Hy hulle geskape (Gen. 1:27).

Van al die geskape dinge is daar niks so nou verbonde aan God as die mens nie. Heel die skeppingswerk van God was volmaak, en tereg het Hy ook van die skepping gesê: "En dit was goed."

Op die sewende dag het die HERE gerus. Hierdie rus het egter nie beteken dat Hy niks gedoen het nie, nee, Hy was slegs anders besig, besig om die dinge wat Hy geskape het, verder te versorg en te onderhou. Hy het begin om te voorsien in al die behoeftes van die geskape dinge, ook die behoeftes van die mens. Die HERE het die werk van sy hande en die ingestelde rusdag ook geseën en geheilig.

Die sewende dag was eintlik niks anders as 'n dag van vreugde en blydskap nie. Op dié dag het die Here alles wat Hy geskape het in oënskou geneem en Hom daarin verlustig, want alles was presies soos Hy dit wou gehad het.

Maar nou is die heerlike van alles ook nog dit:

Die Here het die mens wat Hy na sy beeld en na sy gelykenis geskape het, en wat Hy aangestel het om oor sy skepping te heers, ten volle betrek by die vreugde en blydskap van die ingestelde rusdag.

Die mens as kroon van die skepping het ook deel gekry aan die volmaakte ritme van *arbeid* en *rus*. Ses dae het die mens die geskape dinge wat God aan hom toevertrou het, bewerk en bewaak, en op die sewende dag het hy gerus. Op die besondere dag kon hy hom dan verlustig in die HERE sy God.

Vir God en die mens was daar dus reg van die begin af die volmaakte ritme van *ARBEID* en *RUS*. Die dag het ook die volheid gebied wat die HERE self daarin gelê het. Die mens en die skepping het hulle Skepper verheerlik.

Hieruit is dit duidelik dat die rusdag nie deur die mens ingestel is nie, maar dat dit 'n skeppingsordonnansie van God is.

**Rassie Smit.**

## **Die DOEL en die AARD van die RUSDAG.**

Wat die instelling van die rusdag aanbetref, is reeds aangetoon dat dit 'n skeppingsordonnansie van God was en nie 'n instelling van die mens nie.

Reg van die begin af was die dag ook bedoel as 'n dag van vreugde en blydschap, 'n dag van verlustiging in die HERE. Dit was bedoel as 'n rusdag vir God en die mens. En so was dit ook inderdaad tot en met die sondeval in die paradys. Die sonde het nie alleen die volmaakte ritme van arbeid en rus versteur nie, maar die mens geheel en al beroof van die rusdag. Die oomblik toe die mens in sonde geval het, het hy 'n rustelose skepsel geword wat dag en nag voort gejaag is deur sy sonde.

En so het dit gebly tot op die dag toe Moses die wet van die HERE op die berg Sinai uit die hand van 'n engel ontvang het. In die vierde gebod het die HERE Israel beveel:

"Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen, maar die sewende dag is die Sabbat van die HERE jou God, dan mag jy géén werk doen nie.

... En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en dat die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die dag te hou" (Deut. 5: 13-15).

In die vierde gebod gee God genadiglik na 430 jaar weer die ritme van arbeid en rus aan sy volk Israel terug.

Israel word opgeroep om die rusdag weer in ere te herstel, om die dag te gedenk en te heilig. Op dié dag moet hulle rus van al hulle werk, en in die plek daarvan moet hulle dink aan hoe God in ses dae alles geskape het, en hoe Hy ook op die sewende dag gerus het.

Verder moes hulle op dié dag ook met mekaar en met hulle kinders praat oor die wonderlike wyse waarop God hulle verlos het uit die Egiptiese slawerny.

Israel was dus opgeroep om hulle op 'n besondere wyse in die HERE te verlustig, en om Hom alleen te verheerlik. Uit genade is die dag weer aan hulle terug gegee, maar nou was dit nie slegs 'n dag van vreugde en blydschap in die HERE nie, daar het nog iets bygekom. Dit was nou ook 'n gedenkdag, 'n dankdag.

Nou mag jy dalk vra: "Maar is die rusdag dan nie net vir die Jode bedoel nie? Waarom moet ons dit onderhou, en as ons dit onderhou, met watter doel doen ons dit dan?"

Hierop antwoord ons: Die wet van die HERE roep ons ook op om die rusdag te gedenk en te heilig.

En vir ons as christene is dit ook 'n gedenkdag, 'n dankdag, en 'n dag van verlustiging in die HERE.

Ons onderhou die dag om veral te dink aan die herskeppingswerk van God wat Hy in

en deur Jesus Christus bewerk het.

Verder onderhou ons dit uit dankbaarheid, omdat God deur Jesus Christus ons verlos het uit die slawerny van die sonde (vgl. Openb. 11:8).

Ons onderhou die dag as gelowiges ook om ons te verbly in die Here, om ons te verlustig in Hom alleen.

Wat hierdie verlustiging inhou, lees ons in Jesaja 58:13, 14:

"As jy jou voet terughou van die Sabbat om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en jy die Sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek nie, of ydele taal spreek nie, dan sal jy jou *verlustig in die HERE*. "

Sê my: Onderhou jy die rusdag so? Is dit vir jou 'n gedenkdag, 'n dankdag en 'n dag van verlustiging in die HERE?

**Rassie Smit**

## **WANNEER MOET DIE RUSDAG ONDERHOU WORD?**

Dit is 'n vraag wat al in die harte van baie mense opgekom het. *Dat* die rusdag onderhou moet word, daaraan twyfel hulle nie, maar baie twyfel oor die dag self. Moet dit op die sewende dag wees, of op die eerste dag van die week?

Kom ons laat ons ook in dié verband deur die Skrif self lei:

Van die Paradys af tot kort voor Sinai vind ons in die Bybel niks in verband met die instelling van die sabbatsgebod nie. Eers 430 jaar later het Moses op die berg Sinai die Wet van die HERE in ontvangs geneem (Ex. 20; Deut. 5). In die vierde gebod kry ons dan die vasstelling van die sabbatsgebod. Van dié tyd af het die Jode die Sabbat op die sewende dag gevier. (Die woord *Sabbat* beteken: *rus*.) Die gebod in sy Ou Testamentiese sin het slegs vir die Jode gegeld, en nie vir die ander volkere nie.

Jesus se ouers het Hom ook opgevoed en geleer om die Sabbat te onderhou. Ons lees ook dat Hy op die Sabbat gereeld in die sinagoge ingegaan en gepreek en geleer het (Luk.4: 16, 31; Mark. 1: 21; Luk.6:6).

### **DIE OORGANGSTYD.**

Gaandeweg het Jesus egter begin aandui dat die Joodse Sabbat nie bedoel was as 'n ewige instelling nie. Die dag was onderworpe aan verandering. Hyself het verskeie mense op die Sabbat genees (Matt. 12:9). Op die Sabbat het sy dissipels koringare gepluk. Vergelyk ook Lukas 13:10-17 en Johannes 5:1-6. Hieroor het die Fariseërs Jesus gehaat, en gesê: "Hierdie man kom nie van God nie, omdat Hy die Sabbat nie hou nie" (Joh. 9:16).

### **JESUS EN DIE ANDER GEBOOIE.**

Dit is opmerklik dat Jesus by verskillende geleenthede die ander gebooie herhaal het, en aangetoon het dat dit bindend is vir alle tye, maar nie die vierde gebod in sy Ou Testamentiese vorm en betekenis nie.

## **WANNEER DIE NUWE BEDELING BEGIN HET.**

Die nuwe bedeling het begin direk ná die opstanding van ons Here Jesus Christus uit die dood. Hy het die hele Sabbat in die graf gebly.

Op die eerste dag van die week het Hy egter opgestaan (Matt. 28:1). Hierna het Hy telkens op die eerste dag van die week verskyn aan sy dissipels en andere (Mark. 16:9; Joh. 20:19, 26). Sy opdrag om die Evangelie te preek, is ook op die eerste dag van die week gegee (Mark. 16:15; Joh. 20:21).

Die Here het dus self die eerste dag van die week uitgekies as dag van verlustiging in die Here! Die christene het slegs voortgegaan om te doen wat Hy hulle geleer het.

## **DIE EERSTE CHRISTELIKE KERK.**

Die geboorte van die eerste christelike kerk het ook plaasgevind op die eerste dag van die week, want dit is die dag waarop die Heilige Gees uitgestort is (Hand. 2:1, 41).

Hierna het die samekomste van die christene gereeld plaasgevind op die eerste dag van die week. Dit is ook die dag waarop die gawes vir die armes ingesamel is (I Kor. 16:41).

Later het Paulus ook gereeld op die eerste dag van die week gepreek (Hand. 20:7). Teen die Judaïste wat weer die rusdag op die sewende dag wou vier, het hy baie ferm opgetree (Gal. 4:9, 10). Die Sabbat, het hy gesê, behoort tot die skadubedeling wat deur Jesus Christus vervul en opgehef is (Kol. 2:16, 17). In Openbaringe 1: 10 word Sondag, dit is die eerste dag van die week, genoem "die dag van die HERE."

## **'N NUWE FEESDAG.**

Dit is dus duidelik dat daar ná die opstanding van onse Here Jesus Christus 'n nuwe bedeling gekom het. Die eerste dag van die week het die dag van samekoms geword, die nuwe feesdag. Die dag van verlustiging in die HERE! Ons het hier dus nie te doen met 'n verskuifde Joodse Sabbat nie, maar met 'n nuwe feesdag.

**Rassie Smit.**

## **WAAROM KERK TOE GAAN OP SONDAG?**

Op die eerste dag van die week het Christus opgestaan. Dit was Sondag. Op dieselfde dag gee Hy sy dissipels bevel om na Galilea te gaan (Matt. 28:16). Sy verstrooide skape wil Hy weer rondom Hom byeenbring.

Die aand verskyn Hy by hulle. En Hy sê (Joh. 20:21): "Vrede vir julle, soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Twee dinge het op hierdie Sondag gebeur:

- Christus het opgestaan, en daarmee sy oorwinning oor die sonde en die dood deurgevoer. Hy het die mag van Satan verbreek, die kettings van die dood stukkend geslaan, en die verlore mens gered uit sy slawerny in die gevangenis van die sonde.
- En Hy het sy kerk gevestig. Sy verstrooide skape word gesante om oral die

Woord te verkondig en onder die leiding van die Gees die kerk te stig.

Op daardie Sondag het dit gegaan om die opstanding en die kerk.

Dit is waarom dit moet gaan op elke Sondag.

Op hierdie dag herdenk ons opnuut die opstanding en sy gevolge. Ons bely opnuut ons geestelike vryheid, en kyk vooruit na die hemelse rus wat vir ons wag. Ons verlustig ons in die oorwinning van die kruis, en omhels van harte die offer van Golgota. Op dié dag word ons geloof en ons hoop versterk.

Maar ons kan op dié dag nie net by die oop graf bly staan nie. Juis die oop graf dwing ons om na "Galilea" te gaan. Want daar is die lewende, opgestane Christus. Dáár kan ons met Hom in gemeenskap tree. Daar is ons kerk.

Op Sondag moet ons saamkom, want baie moet gedoen word:

- God moet geloof en geprys word.
- Sy genade moet besing word.
- Ons moet ons geloof bely in die lewende Christus.
- Ons moet neerkniel in die gebed.
- Ons moet buig voor die Woord.
- Ons moet luister na die Wet.
- Ons moet ons gawes gee aan die armes.
- Ons moet met biddende harte die seën ontvang.

Dit alles is die vrug van ons geloof in die opstanding van Christus.

Op Sondag kan dus hoor en antwoord.

Ek hoor: Hy het opgestaan!

Ek antwoord: Ek sal opgaan om die lewende, opgestane Christus rondom die Woord in lofprysing en gebed te ontmoet.

Dan is Sondag vol en ryk.

En 'n goeie begin vir die geloofstryd van die week wat voorlê.

***J.M. Vorster.***

## ***DIE SEËN VAN DIE RUSDAG.***

In ses dae het God die hemel en die aarde en alles wat bestaan, gemaak. Op die sewende dag het Hy gerus. Nou lees ons:

"Daarom het die HERE die Sabbatdag geseën en dit geheilig" (Ex. 20:11).

Wat beteken dit om te seën?

Dit beteken dat die HERE sy goedheid, guns, genade en krag betoon en uitstort. Alle seën kom van God!

Behalwe die Sabbatdag het die HERE ook sy skepping geseën. Verder het Hy die aartsvaders, en in hulle die volk Israel, geseën, en die volk het Hy weer gemaak tot 'n seën vir alle volkere.

In die Nuwe Testament seën Jesus byvoorbeeld die kindertjies en sy dissipels. So word elke gemeente Sondag na Sondag deur die Here geseën. Maar nou verbind Hy sy seën op die rusdag ten nouste aan gehoorsaamheid.

*Die rusdag kan alleen seën inhou vir elkeen wat die Sondag as dag van die HERE gehoorsaam en heilig. Aan die anderkant rus die vloek van die HERE op elkeen wat hom nie aan sy geboorte steur nie!*

### **STOFLIKE SEËN.**

Die eerste aspek van Sondag se seën is die *rus*. Rus op die eerste dag, dan ses dae *werk*. Dit maak die Sondag tot 'n seën vir al die dae van die week. Die mens mag nie 'n *slaaf van sy arbeid* word nie.

Die Here gee vir ons die Sondag om te rus, sodat ons soos koningskinders kan lewe en laat lewe. Ons werknemers en ons diere moet hierdie voorreg met ons deel. Die rus gee nuwe krag vir die werkweek wat volg. Elke mens wat nie dankbaar van hierdie seën gebruik maak nie, sal gou daaronder ly.

### **GEESTELIKE SEËN.**

Baie ryker as die stoflike seën, is die geestelike seën van die Sondag.

Op dié dag ontmoet die HERE sy kinders. Sáám met medegelowiges tree ek in gemeenskap met my God. Ons hoor sy stem in die Woordverkondiging en in gebed en gesang maak ons aan Hom bekend wat daar in ons harte leef.

In die *erediens* ontdek ek sy krag, want deur sy Gees lê Hy beslag op my; Hy bind my aan sy gesagvolle Woord; en Hy hou Christus, die Gekruisigde, aan my voor as my persoonlike Middelaar en Verlosser.

Onder die geklank van die Woord beleef ek my *ellende* en *skuld*, maar gryp ek ook vas aan die *verlossing* en *vergewing* wat Christus vir my bewerk het.

Die ryke beloftes wat op grond van sy soenoffer aan my toegesê word, oorweldig my. Dit vervul my hart aan die een kant met egte vreugde en vrede. Aan die ander kant dring dit my om die Heilige Gees steeds sterker in my te laat werk. Dit wek ook die lus in my om die ewige rus in hierdie lewe te begin deur al my bose werke af te lê.

My twyfel verdwyn, want ek weet:

Die Here het in sy liefde my opgesoek en my oorreed tot geloof in sy Seun. In sy genadeverbond verseker Hy my dat Hy altyd my Vader sal wees, wat alles tot my saligheid laat meewerk. Hy verseker my ook dat ek erfgenaam van die ewige lewe is, en dat geen vyand my uit sy hand kan ruk nie.

Ja, elke Sondag se seën lê daarin dat ek oorlaai word met God se *gunsbewyse*. Dit maak my so klein, so dankbaar, so gelukkig.

Wil jy ook die heerlike seën van die Sondag geniet? Kom dan kerk toe. Kom luister hoe onpeilbaar God se liefde vir sondaars is. As die HERE nooi, slaan Hy niemand oor nie. As Hy jou roep tot geloof in sy Seun, bedoel Hy om jou die ewige lewe te gee, *verniet!*

**Hannes Viljoen.**

## ***Dis te ingewikkeld om christen te wees!***

Miskien het u in u hart al so gevoel.

Dalk is u ook een van dié mense wat dink: Daar is so baie moets en moenies. Ek raak deurmekaar. Ek weet nie wat die Here van my verwag nie.

Is dit miskien die rede waarom u nie kerk toe gaan nie; nie die Bybel lees nie en nie bid nie?

Of is dit sommer net 'n gemaklike verskoning: "Ek weet nie," terwyl u eintlik bedoel: "Ek wil nie"? Dis mos 'n voor-die-hand-liggende verskoning: "Ek weet nie."

Die waarheid is egter: Ons weet.

Die Bybel laat ons nie in die duister oor wat die Here van ons verwag nie, en wat nog mooier is - die Bybel maak dit ook nie ingewikkeld nie. Inteendeel die Woord van die Here teken die regte weg so eenvoudig en duidelik, dat elkeen dit kan volg wat maar wil.

Om 'n kind van die Here te wees, is nie ingewikkeld nie. Jy hoef nie jou pad te probeer vind tussen honderd-en-een reëls deur nie.

Luister wat sê Miga: "Die Here het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is, en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?" (6: 8).

Dit is die drie groot riglyne: doen reg, bewys/betrag liefde, wandel ootmoedig.

### **DOEN REG.**

Ons voel self ook gekrenk as ons onreg aangedoen word. Dan is dit mos maklik om te verstaan dat die Here van ons verwag om reg te doen oral, onder alle omstandighede en teenoor almal. Die Bybel leer ons dat "die Here regverdig is in al sy weë". Daarom moet ons dit ook nastreef as ons christelik wil lewe. Dit beteken in die eerste plek sekerlik dat ons reg moet doen aan God; dat ons dus gehoorsaam aan Hom moet wees in alles; dat ons Hom oral moet dien. Maar dit beteken ook dat ons geen onreg mag doen aan ons medemens nie — of hy of sy 'n meerdere, 'n gelyke of 'n ondergeskikte is. Die vraag is: Doen ons aan ander wat ons graag aan onself gedoen wil hê? Dit moet so wees, anders doen ons nie reg nie.

### **BETRAG DIE LIEFDE.**

Die Here het gesê dat dit die groot gebod is; die samevatting van al die gebooe: Om lief te hê. Ons moet God liefhê bo alles, en ons naaste soos onself. Ons moet dus streef na toegewyde liefde en trou tussen almal. Om lief te hê, beteken immers: om 'n innige band te hê met iemand. Die Here verwag van ons om innig verbonde te wees aan Hom en aan ons naaste. Ons weet mos self ook hoe heerlik dit is om liefde te ontvang. Dan is dit mos ook maklik om te verstaan dat die Here van ons verwag om liefde te betrag.

### **WANDEL OOTMOEDIG.**

Ons stem seker saam dat nederigheid of ootmoed 'n mooi karaktereienskap is. Hoogmoedigheid en trotsheid steek 'n mens dwars in die krop. Ook dit maak dit maklik om te verstaan waarom die Here van ons verwag om ootmoedig te lewe. Voor die ewige God van hemel en aarde moet ons, nietige mensies, nederig lewe.



En ons het werklik nie die reg om ons aan te stel, of ons iets te verbeel teenoor ons medemens nie.

Dit is dus wat die Here van ons vra: Reg, liefde en ootmoed.

Is dit te veel gevra?

Is dit ingewikkeld?

Nee, sekerlik nie.

Die Here Jesus het ons juis so 'n pragtige voorbeeld gestel van hoe 'n mens dit behoort uit te leef.

### **HOE KRY 'N MENS DIT REG?**

Ons, sondaarmense, kan dit in eie krag nie doen nie. Maar die Here wil ons deur sy Heilige Gees help.

Bid maar opreg tot Hom, en maak erns daarmee.

Dis nie so ingewikkeld as wat u dink nie.

En om 'n christen te wees in hart en lewe, is heerliker as wat u dink!

***Arnold Mulder.***